# NWU-WAARDEKETTING

In 2024, toe ons 20 jaar as 'n instelling gevier het, het ons onsself bevind op 'n bekende maar voortdurend veranderende **pad** – gevorm deur **transformasie**, **groei** en **diepgaande impak**. Dit was 'n geleentheid om terug te kyk en 'n reis van veerkragtigheid, **visie** en die **strewe** na **uitnemendheid sonder grense** te erken.

Oor die jare het ons geleer om aan te **pas** en te **ontwikkel** in 'n veranderende hoëronderwyslandskap waar tegnologie en globale gebeure die manier waarop ons dinge doen, beïnvloed. Ons voortdurende doel is om **verwagtinge te oortref** op grond van ons kapitaalvorme. Die boustene vir die gedeelde toekoms wat ons vorm, is ons mense, ons ruimtes, ons kennis en ons hulpbronne.

Die kern van die NWU-storie is ons **studente**. Hulle is nie net ontvangers van kennis nie, maar **medereisigers** – dromers, doeners en denkers wat saam met ons stap terwyl ons nuwe grense verken. Ons belê in hulle omdat ons in die **krag van hul potensiaal** glo. Elke lesing, mentorskap, projek en gemeenskapsinisiatief is nie net ontwerp om te onderrig nie, maar om te transformeer.

Elke sukses, elke gegradueerde, getuig van hierdie missie. Ons alumni verlaat die Universiteit nie net met grade nie, maar ook met 'n doelgerigtheid. Hulle lei, hulle bevraagteken, hulle **verander** die ruimtes wat hulle beset. Hul **reis** word deel van ons eie reis, wat ons impak veel verder as kampusgrense laat strek.

Soos wat ons storie ontvou, so ook ontvou ons vennootskappe met ons gemeenskappe en bedrywe en in die globale arena. Hierdie verhoudings versterk ons maatskaplike en verhoudingskapitaal en maak deure oop vir selfs **groter moontlikhede**.


Die **pad vorentoe** is vol belofte. Met elke stap bly ons verbind tot **groei**, **die oorsteek van nuwe grense** en die omskakeling van potensiaal in blywende, betekenisvolle **verandering**.

## Inset: Ontsluit die krag van menslike potensiaal


### » Ons studente

Ons studentekorps is 'n waardevolle inset in ons waardeketting. Die tabel hieronder toon die samestelling en grootte van die studentekorps in 2024 vergeleke met 2023:

**2023**




**2024**



## Studentewerwing

Ons werwingsaktiwiteite in 2024 het daartoe bygedra dat die Universiteit meer as 390 000 aansoeke ontvang het, insluitend 71 000 aansoekers met ŉ APS van 30+. Gevolglik het ons die inskrywingsplanteikens bereik en toppresterende voornemende studente gelok.

Met die doel om studentetoegang en sukses tot hoër onderwys van gehalte te vergemaklik, het ons voornemende studente gewerf deur middel van skoolbesoeke, loopbaanskoue, loopbaanvoorligtingsgeleenthede, kampusbesoeke, ope dae, en aktiverings en borgskappe.

Hibriede geleenthede en tegnologie het ons in staat gestel om meer gemeenskappe en voornemende studente te bereik. Daarbenewens het die 88 atletiek- en sportbyeenkomste wat ons aangebied het ŉ belangrike rol in studentewerwing gespeel. Die Jong Arende-werweringsprogram, wat fokus op toppresterende en diversiteitstudente, was uiters suksesvol.

Inisiatiewe soos Ikateleng en die Wetenskap, Ingenieurswese, Tegnologie en Gesondheid-projek poog ook voortdurend om toegang te verbreed en die potensiaal in STEM-verwante velde te verhoog. (Sien die volgende afdeling oor die verbreding van toegang tot studies vir meer besonderhede oor Ikateleng.)

## Die verbreding van toegang tot studies vir studente van die NWU (volhoubare ontwikkeling, doelwit 4: kwaliteitonderwys)

Om toegang tot kwaliteitonderwys vir soveel as moontlik van ons burgers te verseker, is deel van die NWU se missie. Dit is ook deel van ons verbintenis om die Verenigde Nasies se volhoubare ontwikkelingsdoelwitte te help bereik. Doelwit 4, Kwaliteitonderwys, waarborg inklusiewe en billike kwaliteitonderwys vir almal, en bevorder lewenslange leer.

Verskeie NWU-inisiatiewe dra by tot groter toegang, insluitend ons gemeenskapsprogram Ikateleng, wat "bemagtig jouself" beteken.

Ons het Ikateleng 34 jaar gelede begin. Sedertdien het dit die lewens van duisende leerders in Graad 10 tot 12 verander wat aanvullende lesse in wiskunde, ekonomie, besigheidstudies, rekeningkunde, lewenswetenskappe, fisiese wetenskappe en Engels ontvang het.

Ons bied ook eenjarige Universiteitsvoorbereidings-programme (UnivPrep-programme) aan vir voornemende studente wat nie aan die toelatingsvereistes voldoen nie. Hulle kan ook inskryf vir een van die hoër sertifikate in ekonomiese en bestuurswetenskappe, geesteswetenskappe en teologie.

Ons "Bridging the Mathematical Gap"-modules bied ŉ pad na BCom- of BSc-studies vir studente wie se wiskunde-uitslae in matriek nie aan die toelatingsvereistes voldoen nie en wat vir formele BA-studies aan die NWU ingeskryf is.

Ons het ook verskeie uitgebreide programme in handel, wetenskap en inligtingstegnologie om studente groter toegang te gee.

Die toekomstige indiensneembaarheid van graduandi is ŉ kritiese en integrale deel van ons onderrig-leer-strategie. Om hierdie rede hersien ons ons programaanbod om te verseker dat hulle relevant en lewensvatbaar is, en aan die eise van die 21ste-eeuse wêreld van werk voldoen.

Ons skakel met beroepsliggame sodat ons studente professionele affiliasies kan verkry wanneer hulle gradueer, en ons bied geleenthede soos loopbaanskoue waar studente en voornemende werkgewers kan interaksie hê. Studente het ook toegang tot opleiding in CV-skryf, werkgereedheid en entrepreneurskap.

Deur gereelde skakeling met bedryfsvennote streef ons daarna om hul vaardigheidsbehoeftes te verstaan en terugvoer te kry oor hoe ons graduandi in die mark presteer.

Verder het die NWU se Alumniverhoudinge-kantoor ŉ mentorskapprogram van stapel gestuur om studente en jong alumni voor te berei vir werk.

In 2024 het werklose graduandi en nagraadse studente werkswinkels oor CV-skryf en onderhoudvaardighede bygewoon en ons het met potensiële werkgewers kontak gemaak.

## Finansiële hulp

Meer en meer van ons studente maak staat op finansiële hulp. In 2024 het ons finansiëlehulpkantore R3,957 miljard geadministreer.

Die regering het 84% van hierdie befondsing bygedra, ten bedrae van R3,322 miljard in 2024. Dit het die Funza Lushaka-beurse ingesluit wat deur NSFAS geadministreer word. R55 miljoen van die 2024 Funza Lushaka-toekenning is egter eers teen Januarie 2025 uitbetaal, wat die finansiële ondersteuning vir sommige studente vertraag het.

Die NWU het R281 miljoen (vergeleke met R250 miljoen in 2023) vir studentebeurse bygedra. Hierdie verbintenis help om ons studentedeurvloei te verhoog, maatskaplike geregtigheid te bevorder en studentesukses te ondersteun.

Ons het ŉ nagraadse loodsprojek van stapel gestuur wat volkostebeurse aan goed presterende honneursstudente bied. Verskeie studente is in 2025 vir volle beursondersteuning gekies.

## Studenteontwikkeling en -ondersteuning

Die NWU bied gefokusde akademiese ondersteuning, wat ons studente se vooruitsigte op akademiese sukses verbeter.

(Lees meer oor hoe ons studentesukses verbeter.)

Net so belangrik is die nie-akademiese ondersteuning wat ons bied, soos psigososiale, gesondheids-, sport- en kuns- en kultuurdienste, wat daarop gemik is om ons studente holisties te ontwikkel.

## Ons personeel

Ons personeelkorps is ŉ belangrike inset in ons waardeketting.

Die volgende tabel toon aan hoe die NWU se permanente akademiese personeelkorps met dié van ander Suid-Afrikaanse hoëronderwysinstansies vergelyk *(LW: dit is gebaseer op 2023 se geouditeerde HEMIS-data)*:

| Instansie | Totaal |
|---|---|
| Universiteit van KwaZulu-Natal | 1 176 |
| Universiteit van Kaapstad | 1 192 |
| Universiteit van die Witwatersrand | 1 211 |
| Universiteit van Pretoria | 1 269 |
| Universiteit van Stellenbosch | 1 295 |
| Universiteit van Johannesburg | 1 328 |
| **Noordwes-Universiteit** | **1 692** |
| Universiteit van Suid-Afrika | 1 823 |

In 2024 het ons 4 266 permanente personeellede gehad – 1 696 akademici en 2 570 ondersteuningspersoneellede.

Ons bied uitstekende opleiding en ontwikkeling vir ons personeel. In 2024 het ons weer gefokus op die ontwikkeling van digitale vaardighede vir die NWU se Digitale Transformasiestrategie.

Aangesien hoë stresvlakke en uitbranding algemene risiko's in die 21ste eeu is, het ons die ondersteuning wat beskikbaar is deur ons Werknemerbystandsprogramme verhoog en hul reikwydte deur aanlyn ondersteuning uitgebrei. Vir meer inligting hieroor, verwys na die afdeling oor hoe ons teenoor ons strategie presteer.

### » Akademiese bevorderings en toekenningsprogramme

Die jaarlikse akademiese bevorderingsproses is ŉ erkenningsprogram vir akademici en skep ook waarde vir die NWU.

| Akademiese bevorderings 2022-2024 | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Bevorder tot:** | **Swart** | | | **Wit** | | | **Totaal** | | |
| | **2022** | **2023** | **2024** | **2022** | **2023** | **2024** | **2022** | **2023** | **2024** |
| Dosent | 5 | 8 | 10 | 7 | 16 | 3 | 12 | 24 | 13 |
| Senior Lektor | 5 | 30 | 14 | 18 | 30 | 5 | 23 | 60 | 19 |
| Medeprofessor | 19 | 16 | 11 | 36 | 35 | 31 | 55 | 51 | 42 |
| Professor | 7 | 10 | 5 | 18 | 16 | 17 | 25 | 26 | 22 |
| **Groottotaal** | **36** | **64** | **40** | **79** | **97** | **56** | **115** | **161** | **96** |
| Persentasies | 31,3% | 40,0% | 37,8% | 68,7% | 60,0% | 62,2% | 100% | 100% | 100% |

Akademiese bevorderings help om akademici voor te berei vir groter verantwoordelikhede. In 2024 het die NWU 96 akademiese bevorderings goedgekeur.

Ons is besig om die bevorderingspyplyn vir swart vroue te versterk, wie se bevorderingsyfers nou al vir ŉ geruime tyd lank die laagste is.

Bevorderings op lektorvlak het in 2024 verdubbel, wat die impak van die NWU se belegging in akademiese ontwikkeling benadruk.

### » Só sien ons om na ons personeel

Die mededingende Suid-Afrikaanse universiteitslandskap bied beduidende uitdagings in die werwing en behoud van akademiese personeel. Om hierdie risiko te ondervang, prioritiseer ons ŉ holistiese en ondersteunende werksomgewing. Dit vereis ŉ verskuiwing van ŉ fokus uitsluitlik op individuele welstand na die bevordering van institusionele welstand en ŉ werkplekklimaat wat personeelretensie en organisatoriese effektiwiteit bevorder.

### » ŉ Holistiese benadering tot werknemerwelstand

Die NWU se werknemergesondheid- en welstandsprogram integreer drie tipes ondersteuning:

- psigososiale ondersteuning, bestaande uit 24/7/365 berading, insluitend regs- en finansiële leiding;
- fisiese welstandsinisiatiewe gefokus op aktiwiteite wat gesondheid en veerkragtigheid bevorder; en
- organisatoriese effektiwiteitsintervensies soos werkplekwelstandsassesserings, opleiding en leierskapsondersteuning.

Die Welstandseenheid erken die kritieke verband tussen welstand en prestasie en bied geteikende intervensies in:

- stresbestuur en bestuurskonsultering;
- instaatstellende werksomgewings en doeltreffende kommunikasie;
- sensitiewe kwessies soos geslagsgebaseerde geweld en substansmisbruik; en
- ondersteuning vir persoonlike en professionele uitdagings.

Deur in werkplekwelstand te belê, versterk die NWU individuele veerkragtigheid, organisasiekultuur en langtermyn institusionele sukses. Hierdie mensgesentreerde strategie sal 'n hoeksteen van die NWU se 2025-visie bly.

## » Belangrike retensie- en talentontwikkelingsinisiatiewe

***Leierskapontwikkeling en opvolgbeplanning***

Die NWU het afrigtingsintervensies vir senior bestuurders uitgebrei, wat leierskapsvermoëns en strategiese besluitneming verbeter het.

Ons Leierskapsakademie het voortgegaan om toekomstige akademiese leiers te ontwikkel, terwyl pasgemaakte opvolgbeplanning kontinuïteit in sleutelrolle verseker het.

In 2024 is die Leierskapsakademie uitgebrei om personeel te ondersteun, wat bestuurders toerus met onontbeerlike leierskapsvaardighede om spanne te versterk en institusionele sukses te dryf.

Die "Vroue in leierskap"-program het gestruktureerde opleiding, mentorskap en netwerkvorming gebied om vroue oor alle loopbaanvlakke heen te bemagtig.

***Fokus op aangewese groepe en skaars vaardighede***

Ons het pogings verskerp om akademiese personeel uit aangewese groepe en skaars vaardigheidsgebiede te lok en te behou. Gedifferensieerde lewenskosteaanpassings (LKA) het groter verhogings verskaf vir kritieke vaardigheidsakademici en laervlak-werknemers wat deur stygende lewenskoste geraak word. Ons het individuele vergoedingsevaluerings vir hoë presteerders gedoen en skaarsvaardigheidstoelaes betaal om retensie te bevorder.

***Versterking van die werknemerwaardeproposisie***

Deur middel van geteikende aansporings en gestruktureerde loopbaanontwikkelingsprogramme het ons die verteenwoordiging van aangewese groepe, veral swart akademici, verbeter.

Billike en markverwante vergoeding het 'n prioriteit gebly, terwyl professionele ontwikkelingsgeleenthede uitgebrei is om personeel te ondersteun as deel van 'n geïntegreerde talentbestuursbenadering.

***Optimalisering en kostebeperkingsmaatreëls***

Ondanks begrotingsbeperkings het die NWU sy personeeloptimaliseringsproses voortgesit, deur doeltreffendheid en tegnologie te benut om kostebesparings vir personeelvergoeding teweeg te bring. Innoverende oplossings is ondersoek om werksomstandighede te verbeter terwyl 'n ondersteunende en inklusiewe werkplek gehandhaaf word.

***Werknemerwelstand en -voordele***

Mediesefonds-ondersteuning het van krag gebly vir laervlak-werknemers, wat finansiële sekuriteit verseker het. Welstandsinisiatiewe is uitgebrei om geestelike en fisiese welstand te bevorder, wat die kritieke rol van welstand in personeelretensie versterk.

Deur hierdie strategiese reaksies het die NWU sy verbintenis herbevestig om hoëkaliber akademiese personeel te behou en te lok, diversiteit te verbeter en 'n toekomsgereed werksmag te bou wat in staat is om die Universiteit se strategiese doelwitte te bevorder.

# Befondsing

## » Navorsingsbefondsing

Die NWU het in 2024 ongeveer R99,1 miljoen in navorsingsbefondsing van die NNS en die Suid-Afrikaanse Mediese Navorsingsraad (SAMNR) ontvang. Die tabel gee besonderhede van eksterne toekennings wat in 2023 en 2024 aan die NWU toegeken is.

| Toekenning/Program | Aantal toekennings | Totale bedrag | Aantal toekennings | Totale bedrag |
|---|---|---|---|---|
| | 2023 | 2023 | 2024 | 2024 |
| MNR-befondsing | 6 | R2 082 501,00 | 6 | R2 752 475,56 |
| Thuthuka | 26 | R1 616 295,00 | 17 | R1 515 638,14 |
| Ander Toekenninghouer-toekennings | 256 | R38 962 439,00 | 192 | R39 955 714,14 |
| Toekenninghouer-gekoppelde beurse | 14 | R2 620 000,00 | 11 | R2 740 000,00 |
| Bloktoekennings | Gestaak | | | |
| Onafhanklike Beurse | 386 | R53 714 262,00 | 291 | R43 994 595,67 |
| Onafhanklike Postdoktorale Beurse | 11 | R2 896 250,00 | 18 | R5 916 250,00 |
| Onafhanklike Postdoktorale Befondsing | 11 | R674 998,00 | 18 | R1 302 300,41 |
| SKA-studentebeurse | 2 | R365 354,00 | 2 | R378 113,00 |
| SKA-studentetoerusting | 0 | R0,00 | 1 | R31 000,00 |
| SKA-studentereistoekennings | 0 | R0,00 | 0 | R0,00 |
| Toekenningsdeposito's | 1 | R15 400 000,00 | 1 | R16 300 000,00 |

Aangesien die toekenninghouer-gekoppelde beurse en bloktoekenningsbeurse uitgefaseer word, sal studente in die toekoms slegs onafhanklike beurse ontvang.

In die geval van enige vertragings in die ontvangs van befondsing, het navorsers in sommige van die NNS-programme die geleentheid gehad om hul 2023-fondse uit te stel na 2024 of enige toekomstige jaar.

### » Befondsing vir tegnologieoordrag en innovasie

Aangesien befondsing beperk was, is slegs drie innovasieprojekte in 2024 ondersteun: een pre-saadprojek en twee TIA-saadfondsprojekte.

Die situasie het in 2024 verbeter, met bykomende Saadfondsprojekte wat ondersteun is. Vir 2025 word die TIA-NWU-befondsingsooreenkoms hernu.

Lees meer oor ons pogings om navorsingsbefondsing te verhoog onder Ses doelwitte om ons strategie te verwesenlik

### » Internasionale befondsing

Die onderstaande tabel toon die internasionale befondsing wat elke fakulteit gedurende 2024 ontvang het.

Die totale bedrag, R45 703 389,30, was aansienlik hoër as die R38,9 miljoen wat in 2023 ontvang is en die R23,7 miljoen wat in 2022 ontvang is.

| | 2022 | 2023 | 2024 |
|---|---|---|---|
| **Internasionale befondsing vir navorsing** | **Werklike bedrae soos bevestig deur fakulteite** | **Werklike bedrae soos bevestig deur fakulteite** | **Werklike bedrae soos bevestig deur fakulteite** |
| | R | R | R |
| Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe | 703 261 | - | 3 156 584,67 |
| Fakulteit Opvoedkunde | - | 434 228 | - |
| Fakulteit Geesteswetenskappe | 3 418 090 | 3 490 006 | 6 807 585,00 |
| Fakulteit Ingenieurswese | 2 220 050 | - | 7 285 853,24 |
| Fakulteit Gesondheidswetenskappe | 10 798 764 | 21 674 775 | 9 921 138,43 |
| Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe | 9 985 580 | 12 844 763 | 18 532 228,07 |
| **Totaal** | **23 707 655** | **38 893 772** | **45 703 389,30** |

## Aktiwiteite: Lei mense om hul eie onbeperkte grootsheid te ontsluit

### » Onderrig-leer-aktiwiteite

Beide die Universiteit en ons studente moet vlugvoetig genoeg wees om aan te pas by die nuwe vaardigheidseise van die 21ste-eeuse wêreld van werk.

Met dit in gedagte, inkorporeer ons oordraagbare, buigsame vaardighede in ons akademiese aanbod, insluitend analitiese denke en innovasie, aktiewe leer en leerstrategieë, komplekse probleemoplossing en kritiese denke, sowel as kreatiwiteit, oorspronklikheid en inisiatief.

Blokonderrig bied aan studente die geleentheid om op groepprojekte en vaardigheidsontwikkeling te fokus. Ons het hierdie benadering reeds suksesvol gevolg vir geselekteerde programme in die fakulteite Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Ingenieurswese en Gesondheidswetenskappe, en oorweeg om dit na ander fakulteite uit te brei.

CelCat, die nuwe roosterstelsel wat die buigsaamheid bied om alternatiewe maniere te oorweeg om akademiese aktiwiteite te skeduleer, is in 2024 ten volle geïmplementeer.

Akademiese programbelyning oor ons kampusse heen is voortgaande, met die doel om vergelykbare akademiese programme en ervarings aan te bied en aan eksterne kwaliteitstandaarde te voldoen. Meer inligting hieroor kan gevind word in die afdeling oor hoe ons teenoor ons strategie presteer het en ons intellektuele kapitaal verhoog het.




Vanjaar se ontvangers van die Universiteits-toekenning vir Onderriguitnemendheid (UTOU) was **prof Lida Holtzhausen** van die Fakulteit Geesteswetenskappe en prof De Wet Wolmarans van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe.

Vir meer inligting oor die uitnemendheidstoekennings, klik hier.

## » Beter studentetoegang en -sukses

In 2024 het personeel wat hul rol in studentetoegang en -sukses wou verbeter, opleidings- en kapasiteitsbouwerkswinkels en seminare bygewoon. 'n Totaal van 67 personeellede het sewe Siyaphumelela-werkswinkels bygewoon oor data-ingeligte benaderings tot module-oorsigte, die gebruik van oop opvoedkundige hulpbronne (OOH's) om onder meer kwantitatiewe vaardigheidsontwikkeling en studentesukses, monitering en evaluering, en akademiese advieswerk te transformeer. 'n Verdere 35 NWU-personeel en -studente het die 2024 Siyaphumelela-netwerkkonferensie bygewoon.

Ons het begin om 'n NWU-studentesuksesplan oor toegang, retensie, verwerwing en sukses te konseptualiseer en te ontwikkel. Die eerste raamwerkhersieningswerkswinkel is op 18 Julie 2024 gehou.

Daarbenewens het die Kresge-stigting befondsing vir drie jaar, van Junie 2024 tot Junie 2027, goedgekeur vir die ontwikkeling van personeel- en studentekapasiteit en om 'n bemagtigende data-analise-omgewing te skep om studentetoegang, -retensie, -verwerwing, -sukses, diversiteit en billikheid te ondersteun.

Gedurende 2024 het ons twee rondes van die Studente-onderrig- en -leerervaringsopname uitgevoer, wat 'n algehele studentetevredenheidskoers van 83% in die eerste semester en 89% in die tweede semester tot gevolg gehad het. Dit is hoër as in vorige jare.

## » Bevordering van voortgesette onderwys

Die NWU se Eenheid vir Voortgesette Onderwys (EVO) bied 'n omvattende reeks kortkursusse aan vir diegene wat netbetyds voortgesette onderwysgeleenthede benodig. Baie van die EVO se kursusse kombineer kontaksessies, virtuele klaskamers en aanlyn inhoud.

Die ten volle geoutomatiseerde kortkursusadministrasiestelsel bied aan deelnemers 'n enkele veilige portaal om hul proses van aansoek tot sertifisering te bestuur. Dit sluit aanlyn betalings en geïntegreerde eksterne kredietverskaffers in wat die risiko van slegte skuld verminder.

## » Die fokus op akademiese en professionele ontwikkeling

Die Deurlopende Professionele Leer-program (DPL-program) bied aan personeel verskeie loopbaanfase-geleenthede wat op digitale transformasie fokus. In 2024 het die program DPL-geleenthede gebied deur middel van werkswinkels, webinare, aanlyn kursusse en 'n Onderrig-Leer-konferensie, terwyl dit ook befondsing vir onderrig- en leerverwante kollokwiums of simposia verskaf het. In 2024 het 'n totaal van 1 004 personeellede 100 webinare en werkswinkels bygewoon.

Die Sentrum vir Onderrig en Leer (SOL) het akademici op hoogte gehou van die nuutste verwikkelings in die pedagogiek, digitale onderrigbevoegdhede en akademiese betrokkenheidstrategieë om studenteleer te verbeter.

## » SOL-induksieprogram vir Akademici

Die Induksieprogram vir Akademici is verpligtend vir nuut aangestelde akademici in hul proefjaar en verbeter hul vaardighede as universiteitsdosente. Die hersiene SOL-induksieprogram, wat in Februarie 2024 van stapel gestuur is, handel oor die NWU se leerbestuurstelsel eFundi, vervlegte leer, akademiese integriteit, assessering en beste praktyke in onderrig en leer.

In 2024 het 176 akademici vir die SOL-induksieprogram geregistreer en 73 het dit teen Desember 2024 voltooi. Sowat 96% het aangedui dat hulle die program aan hul kollegas sal aanbeveel, en 93% het gevoel dat die program 'n positiewe impak op hul onderrig gehad het.

## » Hibriede internasionale onderrigmobiliteit

Die hibriede internasionale onderrigmobiliteitsprojek vir 2024 het geselekteerde akademici en senior akademiese ontwikkelaars in staat gestel om aan internasionale onderrigsamewerking deel te neem.

In totaal het 15 akademiese personeellede en drie senior akademiese ontwikkelaars in November en Desember 2024 aan die mobiliteitsaktiwiteite deelgeneem.

Die medewerkende universiteite was die Hogeschool Inholland in Nederland, die universiteite van Lincoln, Plymouth en Oxford in die Verenigde Koninkryk, Ivane Javakhishvili Universiteit in Georgië en Münster in Duitsland.

Die areas van samewerking, virtueel en persoonlik, het ingesluit verpleegkunde, maatskaplike werk, teologie en die gebruik van kunsmatige intelligensie (KI) in hoër onderwys. Hierdie samewerkings het gelei tot verskeie samewerkende aanlyn internasionale leergeleenthede vir verpleegkunde- en maatskaplikewerkstudente.

## Navorsingsaktiwiteite, insluitend Biblioteek- en Inligtingsdienste (BID)


### » Navorsingsentiteite

In 2024 is die meeste van ons navorsings- en innovasie-aktiwiteite in 59 navorsingsentiteite uitgevoer. Dit het bestaan uit agt navorsingsleerstoele, agt gehuisveste navorsingsentiteite (met inbegrip van ŉ bevoegdheidsentrum), vyf sentrums van uitnemendheid, 11 navorsingseenhede, 17 navorsingsfokusareas, 10 navorsingsnisareas en een kommersiële navorsingsentiteit.

Sewe navorsingsentiteite is in 2024 suksesvol ekstern geëvalueer.

| Datum | Navorsingsentiteit | Fakulteit | Navorsingsentiteitedirekteur |
|---|---|---|---|
| 18-21 Feb | Fokusarea: Chemiese Hulpbronveredeling | FNLW | Prof Henning Krieg |
| 25-28 Feb | Fokusarea: Materiaalwetenskapinnovasie en Modellering | FNLW Mahikeng | Prof Ashmore Mawire |
| 18-21 Jun | Sentrum van Uitnemendheid: Ruimtenavorsing | FNLW | Prof Amare Abebe |
| 14-17 Jul | Sentrum van Uitnemendheid: Hipertensie in Afrika-navorsingspan | Gesondheids-wetenskappe | Prof Carina Mels |
| 18-21 Aug | Eenheid: Toerismenavorsing in Ekonomiese Omgewings en Samelewing (TREES) | FEBW | Prof Elmarie Slabbert |
| 15-18 Sep | Fokusarea: Antieke Tekste: Teks, Konteks en Ontvangs | Teologie | Prof Risimati Hobyane |
| 6-9 Okt | Fokusarea: Beroepshigiëne en Gesondheidsnavorsingsinisiatief (BHGNI) | Gesondheids-wetenskappe | Prof Johan du Plessis |

Die huidige NWU-navorsingslandskap word in die volgende figuur getoon:



## Uitgebreide aanbod by BID

Die Digitale Vakkundigheidsentrum het in werking getree en die grondslag gelê vir verdere ontwikkeling ter ondersteuning van innoverende navorsingsinisiatiewe.

Ons het die struktuur en registrasie van DaYta Ya Rona op re3data.org, 'n wêreldwye register van navorsingsdatabewaarplekke, verbeter. Dit het databestuur en -toegang aansienlik verbeter, beide vir die NWU en die navorsingsgemeenskap in die algemeen. As deel hiervan het ons aanwysers van volhoubare ontwikkelingsdoelwitte (VOD's) geïmplementeer, wat 'n sterk verbintenis tot die VOD's aandui.

Die NWU se Databestuursplan-instrument is ook verbeter om gedetailleerde ondersteuning vir navorsers te bied dwarsdeur die hele databestuursproses. Dit sluit in leiding oor dataversameling, -berging, -deling en -bewaring, beste praktyke en voldoening aan etiese, wetlike en befondsingsvereistes.

Ons het meer as 2 653 bladsye op die DBText-stelsel gedigitaliseer en meer as 2 468 eksamenvraestelle verwerk.

Daarbenewens het ons die Intembeko ORCID Hub geaktiveer om navorsingsigbaarheid en impak te verbeter.

'n Totaal van 849 deelnemers het die webinare bygewoon wat ons saam met Navorsing en Nagraadse Ondersteuning oor "Research and Open Scholarship Services" (oftewel ROSS) aangebied het. Hierdie webinare het verwysingsbestuur, navorsersprofiele, Scopus AI, databestuur, ooptoegangpublikasie deur middel van transformerende ooreenkomste, en die aanvra van toekennings gedek.

Ons het 500 artikels deur middel van transformerende ooreenkomste gepubliseer, wat ooptoegangpraktyke meer toeganklik en impakvol vir ons navorsers maak.

Altmetric Explorer, wat duisende aanlyn vermeldings in een platform moniteer, is met Boloka (die Institusionele Bewaarplek) geïntegreer. Dit het die sigbaarheid en impakmonitering van die NWU se navorsingsuitsette verbeter deur intydse statistiek te verskaf oor hoe publikasies op verskeie akademiese en nie-akademiese platforms bespreek en gedeel word, terwyl dit ook hul impak op die samelewing beklemtoon.

Ons het ook ons Open Journal System (OJS) uitgebrei deur drie top-tydskrifte by te voeg: die *South African Journal for Research in Sport, Physical Education and Recreation* (SAJRSPER), die *Journal of Community Psychosocial Research* (JCPR) en die *International Journal of Indigenous Language Media and Discourse* (IJILMD).

## Uitset: Lewer goeie kritiese denkers met visie en versiendheid


### » Onderrig-leer-uitset

Die voorgraadse gradueringsduurfaktor was 1,12 in 2024, wat daarop dui dat minder studente hul grade in die minimum tyd voltooi.

Die student tot akademiese personeel voltydse ekwivalent-verhouding was 30,09:1 (28,59:1 vir 2023), met ander woorde daar is één akademiese personeellid vir elke 30,09 voltydse ekwivalente studente.

In die geval van nuwelingstudente het die uitvalkoers vir kontakgrade toegeneem van 8,86% in 2023 tot 9,5% in 2024. Dit is steeds laag in vergelyking met sektornorme.

Die volgende grafiek toon die aantal graduandi per studierigting vir 2023 en 2024:



Die volgende tabel toon hoe ons aantal graduandi vergelyk met dié van ander Suid-Afrikaanse hoëronderwysinstansies *(gebaseer op 2023 se geouditeerde HEMIS-data)*:

| Instansie | Totaal |
|---|---|
| **Noordwes-Universiteit** | **12 358** |
| Tshwane Universiteit van Tegnologie | 13 436 |
| Universiteit van Johannesburg | 13 506 |
| Universiteit van Pretoria | 14 306 |
| Universiteit van Suid-Afrika | 56 549 |

## » Onderrig- en leer-toekennings

Meer as 130 personeellede het erkenning ontvang vir hul uitstaande bydraes in onderrig en leer, gemeenskapsbetrokkenheid, en navorsing en innovasie tydens die NWU-toekennings vir Uitnemendheid op 21 November.

Prof Bismark Tyobeka, die visekanselier, het gesê die toekennings demonstreer die toewyding van NWU-personeel wat onderwys beskou as 'n brug na die gemeenskappe wat deur die Universiteit bedien word en wat erken dat die NWU se werk die mag het om 'n impakvolle verskil aan die mensdom en die planeet te maak.

"Hierdie erkennings is 'n oproep aan ons almal by die NWU om voort te gaan om 'n etos van gemeenskapsgesentreerde uitnemendheid te bevorder," het prof Tyobeka gesê. "Ons moet geïnspireer word deur hierdie merkwaardige bydraes om ons verbintenis tot betrokkenheid te verdiep, en ons akademiese werk al hoe meer relevant en impakvol te maak, soos dit duidelik geartikuleer word in ons strategiedokument, Om die NWU vorentoe te neem: 2024 en verder."

Meer besonderhede oor hierdie toekennings kan gevind word in die afdeling oor Ons waardeketting.

## » Gemeenskapsbetrokkenheids-uitnemendheid

Vier kategorieë van gemeenskapsbetrokkenheids-toekennings is in 2024 toegeken. Dit was die Toekenning vir Betrokke Onderrig en Leer, die Toekenning vir Betrokke Navorsing en Innovasie, die Toekenning vir Vakkundigheid van Betrokkenheid en die Toekenning vir Dissiplinegebaseerde Uitreik. Die name van die vyf ontvangers kan in die afdeling oor ons waardeketting gevind word.

Lees meer oor die NWU se Gemeenskapsbetrokkenheidsprojekte.

Toekennings vir uitnemendheid in navorsing, innovasie, volhoubaarheid en gemeenskapsimpaknavorsing is ook in 2024 toegeken.

Navorsers is in verskeie kategorieë erken, insluitend die Nasionale en Internasionale Erkennings- en Lidmaatskaptoekenning, Erkenning van Nuwe en Opgegradeerde NNS-graderings, Erkenning van Navorsingsleerstoele, Toekenning vir Mees Produktiewe Senior Navorser, Toekenning vir Mees Produktiewe Ontluikende Navorser, Toekenning vir Kreatiewe Uitsette, Toekenner vir Top Uitvinder, Innovasie-impaktoekenning, S2A3-toekenning vir die Beste Meestersgraadverhandeling, en die Visekanselierstoekenning.

Meer besonderhede oor hierdie toekennings kan gevind word in die afdeling oor Ons waardeketting.

Benewens die instansiewye toekennings, het die 2024 Fakulteitsonderrigtoekennings die prestasies van 49 uitstaande dosente van regoor die NWU se agt akademiese fakulteite gevier.

# Navorsingsuitset*

Die kwaliteit en kwantiteit van navorsing by die NWU verbeter steeds, soos in die volgende tabel aangetoon word:

| | 2021 | 2022 | 2023* |
|---|---|---|---|
| Tydskrifartikels | 1366,3 | 1342,10 | 1372,1 |
| Konferensieverrigtinge | 66,9 | 91,5 | 106,5 |
| Boeke en hoofstukke | 222,90 | 272,6 | 276,2 |
| Totale artikelekwivalente gepubliseer | 1656,1 | 1706,2 | 1754,8 |
| Meestersgrade toegeken | 698 | 695 | 750 |
| Navorsingsmeestersgrade | 509,962 | 519,076 | 547,523 |
| Navorsingsmeestersgrade geweeg | 509,962 | 519,076 | 547,523 |
| Doktorsgrade toegeken | 264 | 213 | 277 |
| Doktorsgrade geweeg | 792 | 639 | 831 |
| Totale geweegde navorsingsuitset | 2 958,062 | 2 864,276 | 3133,23 |
| Postdoktorale genote | 212 | 205 | 206 |
| Publikasie-eenhede per permanente akademiese personeellid | 0,99 | 1,02 | 1,04 |

** LW: Daar is 'n vertraging van twee jaar m.b.t. die navorsingsuitset.*

## Uitkomste: Verryk die samelewing deur ons strewe na uitnemendheid

Ons insette en aktiwiteite lei tot uitkomste wat ons waardeketting voltooi. Hierdie uitkomste is bedoel om langertermynwaarde te skep.

Hierdie toekomstige fokus beteken dat volhoubaarheid 'n integrale element van ons uitkomste is. Nadat ons in onmiddellike en mediumtermynbehoeftes voorsien het, moet daar nog voldoende kapitaalvorme beskikbaar wees om vir toekomstige waardeskepping te gebruik.


Finansiële stabiliteit is 'n goeie voorbeeld van 'n uitkoms wat ons volhoubaarheid ondersteun. As die NWU finansieel stabiel is, kan ons ander uitkomste genereer, soos om vaardige graduandi af te lewer om die kennisekonomie van die land te verbeter.

Ons navorsingsuitset is ook 'n uitkoms. Dit verbeter ons reputasie ('n ander uitkoms) sodat ons wetenskaplikes van hoë gehalte kan lok, wat ons mensekapitaal verder uitbou en ons toekomstige volhoubaarheid verseker. Dit lei tot 'n ander uitkoms in die vorm van oplossings vir werklike probleme wat ons navorsings- en innovasieresultate optimaal benut.

Die derde been van ons kernbesigheid, naamlik gemeenskapsbetrokkenheid, skep uitkomste deur mense te bemagtig om hul lewens op 'n volhoubare wyse te verbeter.



**Prof Gabila Nubong** van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe was die NWU se Mees Produktiewe Senior Navorser.



**PROF BISMARK TYOBEKA**
VOORSITTER VAN SENAAT